

# FREEDOM OF RELIGION SOUTH AFRICA

Praat namens die Christen-kerk in Suid-Afrika



—deur Jackie Georgiou

## 'n Aanslag op die Christelike geloof Druk teen Bybelse waardes neem toe

- ▶ Wêreldwyd sluit regerings Christene vir hulle geloof op. Sommige Christene word vermoor. Sommige geslaan. Baie van hulle stilgemaak. In die Weste kom vervolging dikwels voor in die gedaante van geregtelike beperkinge wat op Christene geplaas word, wat hulle verhoed om hulle Geloof uit te leef. Pastore word beboet of in die tronk gestop omdat hulle die volle Woord van God preek. Gastehuse en trouvenues word gedagvaar omdat hulle hulle deur hulle Christelike gewete laat lei. Onderwysers word geskors omdat hulle saam met leerlinge bid. Hoofuitvoerende beampptes word afgedank omdat hulle skenkings aan Christen-sake maak. Ons kan egter die tendens in Suid-Afrika teengaan. As ons saamstaan en beslissend optree, kan ons vervolging verhoed en die vryheid behou om die Evangelie te glo, te preek en uit te leef.
- ▶ Die tyd om op te tree is **NOU**.



*“Wanneer regerings die volk vrees, is daar vryheid. Wanneer die volk die regering vrees, is daar tirannie.”* Thomas Jefferson

## FOR SA Leierskap

### ANDREW SELLEY

Andrew is die hoofpastoor van Joshua Generation Church wat verskeie gemeentes in en om die Wes-Kaap het. Hy is ook die leier van 'n internasionale apostoliese kerkbeweging, Four 12. Andrew is die hoofuitvoerende beampte van **FOR SA**.

### NADENE BADENHORST

Nadene is 'n advokaat by die hoë hof van Suid-Afrika. Sy het by die Verenigde Nasies in New York gewerk en was ook 'n deeltydse dosent in grondwetlike en publieke reg by UNISA. Nadene dien as die regsadviseur vir **FOR SA**.

### MICHAEL CASSIDY

Michael is internasionaal en in Suid-Afrika 'n hooggeagte Christen-leier. Hy is die stigter van African Enterprise en is in 2012 as erevoorsitter van die internasionale Lausanne Movement benoem. Hy het veral ten opsigte van transformasie saam met presidente, kerkleiers en verskeie organisasies gewerk.

### MOSS NTLHA

Moss is 'n invloedryke Evangeliese leier en een van die vooraanstaande Evangeliese stemme teen Apartheid; Hy is nasionaal en internasionaal 'n kampvegter vir gemeenskapsbelang deur sy verbintenis met die Evangelical Alliance van Suid-Afrika (TEASA), waarvan hy die algemene sekretaris is.



**“DINK** aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en **AAN DIE WAT MISHANDEL WORD**, asof **JULLE SELF OOK** mishandel word.” Hebreërs 13:3

**D**ie visie vir **FOR SA** het die lig gesien toe Andrew Selley en sy kerk, Joshua Generation, verlede jaar deur die Menseregtekommissie (MRK) **onder die loep** geneem is omdat die kerk oor sekere Skrifgedeeltes, wat die MRK as skending van menseregte beskou, lering gegee het. Met die insig dat hierdie kwessie **veel groter implikasies** het as die saak ter hande en met die bewuswording dat ook ander kerke en Christelike bedieninge vir hulle Bybelse oortuiging onder skoot kom, het Andrew vir wysheid gebid. **Met diepe oortuiging en dringendheid** het God hom die visie gegee vir 'n organisasie wat: (1) die kwessies onderskei wat godsdiensvryheid van Christene in Suid-Afrika raak; (2) openbare bewustheid sal aanwakker en **die steun van die Kerk en Christene** sal saamtrek; en (3) die toepaslike kwessies as 'n verenigde Christen-stem in die gepaste forum, hetsy in die regering of die samelewing, aan te spreek. Sedert sy ontstaan, het **FOR SA** voorleggings oor potensieel nadelige wetsontwerpe aan die regering gemaak en – **in samewerking met organisasies** soos The Institute for Public Justice (IPJ) en Cause For Justice, met wie hulle nou saamwerk om **anti-Christen-agendas** teen te staan – Christene bygestaan tydens klagtes wat deur die MRK, geslagsgelykheidskommissie en in die gelykheidshowe aanhangig gemaak is. Hulle geniet die steun van verskeie leiers, bedienings en verbonde organisasies – maar daar is steeds **meer wat vermag moet word**. **Gebed, deelname en vennootskap is noodsaaklik** as ons, as Sy Liggaam, die sout en lig gaan wees, en die kulturele oorlog gaan wen.



# 12,000,000

Verlede jaar het **FOR SA** die ondertekende steun van leiers wat 12 miljoen mense verteenwoordig, ingewin. **FOR SA** is vol vertroue dat dit ten minste dieselfde getal mense se steun vir die organisasie sal inwin. Verenig bly ons staande; verdeeld tuimel ons ineen. Jou intekening sal ons bemagtig om as 'n sterk verenigde stem met die regering in gesprek te tree om godsdiensvryheid en die otonomie van die Kerk te beskerm.

pastore

**SLUIT BY ONS AAN**

leiers van bedienings

Christen- sakemanne en -vroue

**TEKEN IN**  
[WWW.FORSA.ORG.ZA](http://WWW.FORSA.ORG.ZA)

organisasies  
media

Kwessies deur FOR SA aangespreek

**GESLAGSGELYKHEIDS-  
WETSONTWERP**



**LYFSTRAF**



**TUISSKOLING**



**“FOR SA se visie is om binne die regering en die samelewing namens die Christen-kerk in Suid-Afrika te praat, oor kwessies wat ons godsdiensvryheid, vryheid van godsdienspraak, vryheid van assosiasie en die regte van godsdienstige gemeenskappe in Suid-Afrika raak. Al hierdie basiese regte is in ons grondwet verskans. As sodanig het die staat en die burgers van Suid-Afrika die verpligting om hierdie regte te respekteer, te beskerm en te bevorder.”**

# Oproep tot **Aksie** vergadering

FOR SA nooi pastore en leiers van Christen-bedienings na 'n vergadering uit om die huidige bedreiging van godsdienstryheid en ons dringende reaksie daarop te bespreek

## Onthou dié **Datums**

**Bloemfontein**  
Do, 28 Augustus

**Gauteng**  
Wo, 3 September

Vir meer inligting en om te registreer, besoek  
[www.forsa.org.za](http://www.forsa.org.za)



FREEDOM  
OF RELIGION  
SOUTH AFRICA

## FREEDOM OF RELIGION SOUTH AFRICA

Praat namens die Christen-kerk in Suid-Afrika



**F**OR SA bedryf sy missie en visie prakties soos volg: 'n span toegewyde vrywilligers (advokate, sielkundiges, teoloë, ens.) doen oor plaaslike en wêreldtendense navorsing rondom kwessies wat die vryheid van Christene om te glo, te preek en te leef volgens die Woord van God kan raak. In samewerking met soortgelyke organisasies (soos IPJ en Cause For Justice), betrag **FOR SA** voorgestelde wetgewing en waar hierdie wetsontwerpe godsdienstryheid bedreig, doen **FOR SA** namens Christene voorleggings aan die regering.

*“Stilswye in die teenwoordigheid van boosheid is self boos: God sal ons nie onskuldig verklaar nie. Om nie te praat nie, sê iets. Om nie op te tree nie, is 'n handeling.” —Dietrich Bonhoeffer*

**N**voorbeeld sou die geslagsgelykheidswetsontwerp wees, wat in sy oorspronklike voorgestelde formaat daartoe kon lei dat pastore beboet word of selfs tronkstraf kry wanneer hulle oor die man as hoof van die huis sou preek. Kerke wat glo dat kerkbestuur vir mans bestem is, sou noodgedwonge hulle bestuurstrukture moes aanpas sodat dit 50% vroue insluit. Danksy **FOR SA** se voorleggings aan die regering, is die wetsontwerp verander om kerke en welsynsorganisasies van die wet uit te sluit. Dit was 'n groot oorwinning vir godsdienstryheid en die vryheid van die Kerk om sy eie sake te bestuur.

**D**ie prosedure wanneer die **FOR SA**-leierskap bewus word van 'n wetsontwerp wat godsdienstryheid mag raak, is die volgende:

- ▶ Die vier lede van die leierskaps span moet eenparig saamstem dat dit 'n kwessie is wat godsdienstryheid raak en 'n reaksie of optrede vanuit die Christen-gemeenskap regverdig.
- ▶ Wanneer die span op 'n gepaste reaksie besluit het, sal hulle die ondertekenaars van hierdie kwessie verwittig, asook van die beplande stappe wat **FOR SA** gaan doen. Ondertekenaars het in hierdie stadium die keuse om uit die spesifieke kwessie te tree (sou hulle met **FOR SA** se standpunt verskil), maar dit sou onwenslik wees omdat ons 'n verenigde gemeenskaplike doel voor oë het – om ons godsdienstryheid te beskerm – en om die staat te verhoed om by die outonomie van die Kerke in te meng.

**F**OR SA se verenigende oproep is gevolglik: as Christene mag ons met mekaar oor die interpretasie van sekere Skrifgedeeltes verskil, maar ons kan verenig rondom die beginsel dat dit nie by die staat berus om vir ons voor te skryf wat ons mag glo, preek of hoe ons ons lewens volgens die Woord van God mag leef nie.

## DIE VOLGENDE STAP

- Teken aanlyn in (gratis)
- Moedig jou pastoor, kerk, Christen-vriende aan om aan te sluit
- Woon die **Oproep-tot-Aksie**-vergadering by (besonderhede links)
- Bied jou vaardighede en tyd vrywillig aan **FOR SA**
- Lig **FOR SA** in as jy van enige dringende kwessies bewus is
- Volg **FOR SA** op twitter @FORSAorg en 'like' hulle facebookblad: Freedom of Religion SA



[FORSA.ORG.ZA](http://FORSA.ORG.ZA)



**JOY! DIGITAL**  
UNITING CHRISTIANS



**Vision of JOY! Digital**  
A fresh pursuit in uniting the body of Christ and promo...

**Passion 2015**  
Check out the #passion2015 website for guest speaker lists...

**Looking for Exciting Gap Year options?**  
Our directory offers these fantastic pro...

**Voices**  
Does today



There is one body and one Spirit, just as you w...

### News



**Louie Giglio**

**Passion 2015**  
We look forward to...



**Boko Haram**  
Not just Nigeria's problem



**Pope appeals to international community...**

### Directory



**2015 Gap Year Options**



**Find a Bible College near you**



**Upcoming Christian Conferences**



## Be part of the largest, most exciting Christian portal in SOUTH AFRICA.

## LAUNCHING SEPTEMBER 2014